



WETENSKAPLIKE BYDRAES VAN DIE PU VIR CHO
Reeks H: Inougurele Redes, nr. 53

**ROEPINGSVERVULLING IN DIE
PRIMÊRE ONDERWYS**

Prof. H.O. Maree
Rektor van die Onderwyskollege
Potchefstroom

Rede uitgespreek by geleentheid van die
benoeming as ere-professor in die Fa-
kulteit Opvoedkunde aan die Potchef-
stroomse Universiteit vir Christelike
Hoër Onderwys op 23 Maart 1979

Potchefstroomse Universiteit vir CHO
1979

ROEPINGSVERVULLING IN DIE PRIMÊRE ONDERWYS

1. INLEIDING

By 'n geleentheid soos hierdie, waar ek formeel in die amp van ere-professor in die Fakulteit Opvoedkunde van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys bevestig en bekend gestel word, is dit akademiese tradisie dat ek 'n inaugurele rede moet lewer en daarin 'n wetenskaplik gefundeerde beskouing ten opsigte van 'n toepaslike tema uiteensit.

2. OMSKRYWING VAN DIE TERME IN DIE OPSKRIF VAN DIE TEMA

Ter wille van doeltreffende kommunikasie is dit noodsaaklik dat die terme wat gebruik word, duidelik omlin en gepresiseer word. Die sin en verdere uiteensetting van gedagtes is juis op die begripsinhoud van die terme gebaseer. Die volgende begrippe is ter sprake: *roepingsvervulling* en *primêre onderwys*.

2.1 Roepingsvervulling

In hierdie term is daar twee begrippe vervat, naamlik *roeping* en *vervulling*.

2.1.1 *Roeping*

Die woord *roeping* impliseer by noukeurige analise vier onderskeibare komponente, te wete dié van oorsprong, van opdrag, van wyse en middele en van geroepene. Daar is dus onder meer sprake van 'n roepingsopdrag, oorgedra deur 'n roepingswyse en gerig tot 'n geroepene. Die geroepene word opgeroep, aangemaan, aangespoor en opgewek om op een of ander wyse 'n antwoord op die oproep te gee (vergelyk Landman, 1978, p. 7). Alhoewel bogenoemde vier komponente van roeping duidelik onderskeibaar is, is dit moeilik om hulle te skei en die wese van elkeen te omskryf en te verklaar. Die verdere verklaring en filosofiese fundering van elke komponent lei dikwels tot sterk uiteenlopende standpunte wat lewensbeskoulik gefundeer is. Word die aard en inslag van die oproep ingrypend, sodat dit die aangeroepene tot 'n lewenstaak opeis, dan word die filosofiese fundering van roeping in sy kontekstuele verbande gesien 'n intens problematiese taak.

2.1.2 Vervulling

Vervulling dui aan dat iets tot volheid of voltooidheid gebring word (HAT, p. 986-987). Die term *roepingsvervulling* beteken dus dat die ge-roepene ten volle aan die roepingsopdrag uitvoering gee.

2.2 Primêre onderwys

Die term *primêr* verwys in die eerste plek na die eerste, die begin-, die aanvangsgebeure. In die tweede plek dui dit op die grondliggende, die fundamentele, dié van voorkeur, dié van die hoogste prioriteit of voorrang (HAT, p. 663).

Die term *onderwys* en die term *opvoeding* hang ten nouste saam. Enkele gedagtes oor opvoeding sal die betekenis van die term *onderwys* duidelik na vore bring.

Opvoeding beteken letterlik „na bowe voed” (Coetzee, 1960, p. 82), dit wil sê van ’n laer wordingsvlak af na ’n behoorlike, hoër wordingsvlak of bestemming. Die opvoeding kom neer op die geleidelike verwerkliking van die kind se moontlikhede deur die leiding en hulp van die volwassene en die self-verwesenliking van die kind. Verwerkliking van die kind se moontlikhede is juis roepingsvervulling. Omgekeerd: om sy roeping te kan vervul moet die mens oor die nodige toerusting beskik. Die kind se toerusting bestaan uit sy aangebore en ingeskape moontlikhede en die realisering daarvan deur opvoeding. Opvoeding van die kind is dus hulp tot roepingsvervulling. In die opvoeding word sekere vaardighede, kennisinhoud en gesindhede aan die kind onderrig. *Onderwys* is die term wat gebruik word om die intensionele onderrig en aanleer van kennis, vaardighede en begrippe aan te dui (Handwoordenboek der Nederlandse taal, p. 674; Concise Oxford Dictionary, p. 1307; HAT, p. 588).

Dus is onderwys ’n wesenlike deel van opvoeding.

Prinsipiële beskou is die ouer die primêre opvoeder en onderwyser van sy eie kind, oftewel: die ouer is die eerste en belangrikste geroepene tot die opvoeding van sy eie kind. Vanweë die eise van die tyd val die volledige onderwys en opvoeding van die kind buite die vermoë van baie ouers. Derhalwe word die hulp van ’n opgeleide, professionele persoon, naamlik die onderwyser, ingeroep. In hierdie rede word die term *primêre onderwys* voortaan egter gebruik om die eerste en belangrikste formele onderwys, dit wil sê die onderwys in die laerskool, aan te dui.

2.3 Samevatting

Soos die ouer geroepe is om ouer te wees en op te voed, so is almal wat hom in sy taak bystaan, geroepenes in die opvoeding, waarvoor hulle ook oor die nodige toerusting moet beskik.

Uit die voorgaande lei ek af dat die primêre onderwys by uitnemendheid 'n saak van roepingsvervulling vir die kind, ouer en onderwyser is.

3. ENKELE EIETYDSE BESKOUINGE OOR GEROEPENHEID

Soos reeds in 2.1.1 vermeld is die onderskeiding van die verskillende komponente van die begrip *roeping* voor die hand liggend, terwyl die opvatting van die wese van elke komponent sterk lewensbeskoulik gebonde is. Hierdie gebondenheid aan die lewensbeskouing lê 'n regstreekse verband tussen roeping en opvoeding en gee ook aanleiding tot uiteenlopende, onoorbrugbare beskouings oor geroepenheid.

In die lig van my persoonlike lewensbeskouing moet die kontekstuele raamwerk van geroepenheid en opvoeding Christelik en nasionaal gefundeer wees. Derhalwe word vervolgens 'n beskouing oor roeping vanuit die Christelike en nasionale oogpunt kortliks uiteengesit. Daarna word aandag geskenk aan die pragmaties-liberale beskouing soos veral in die VSA gehandhaaf, die eksistensiële-liberale opvatting vanuit Europa en laastens die Marxistiese beskouing.

3.1 Die Christelike beskouing van geroepenheid

Vir die Christen is die Roepingsbron die God van die Bybel. Hy is die Almagtige, Skepper van die heelal. Hierdie God is onafbeeldbaar en slegs kenbaar in die mate wat Hy Homself openbaar volgens sy wil en plan. God is ook 'n God van liefde wat nooit die werke van sy hande laat vaar nie. Die mens is deur God na sy beeld geskape maar het in sonde verval weens sy ongehoorsaamheid aan God. As straf moes die mens sy besondere woonplek — die paradys — verlaat, moes hy voortaan in die sweet van sy aangesig sy brood verdien, moes hy met smart kinders voortbring en val die dood hom ten deel. Ook is die hele skepping weens die sondeval vervloek. God toon egter sy liefde daarin dat Hy sy eniggebore Seun, Jesus Christus, as Verlosser van die mens gee. Deur die dood van Christus aan die kruis en sy opstanding word die herskepping van die mens moontlik.

Die wese van die mens en sy oorspronklike roeping spreek duidelik uit

Gen. 1:27 en 28: „En God het die mens geskape na sy beeld; na die beeld van God het Hy hom geskape; man en vrou het Hy hulle geskape.

„En God het hulle geseën, en God het vir hulle gesê: Wees vrugbaar en vermeerder en vul die aarde, onderwerp dit en heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel en oor al die diere wat op die aarde kruip”.

Reeds by die skepping was God se eerste woord 'n kultuuropdrag en 'n voortplantingsopdrag. Die versorging en opvoeding van sy kinders is dus 'n roeping van God, tot elke ouer gerig. Elke mens word in God se plan ingeskakel. Daarom moet die mens bewus wees van sy besondere doel of roeping; en toegerus wees om hierdie roeping te vervul. Die Christen word deur die Heilige Gees van sy besondere roeping bewus gemaak.

Aan die mens is egter ook kiesvryheid gegee, sodat hy die roepingsopdrag kan aanvaar of verwerp. Aanvaar hy dit, dien hy God deur sy roeping te vervul. Aanvaar hy dit nie, staan hy in diens van Satan. Vir hierdie keuse bly elke mens ten volle persoonlik aan sy Skepper verantwoordig.

By sy geboorte is die kind die hulpbehoewendste van alle skepsels. Derhalwe word hy in die sorg van sy ouers geplaas, wat geroepe is om hom in totaliteit op te voed. Die volwassewording behels in die hedendaagse lewe soveel kompleksiteite dat die ouer in die opvoeding van sy kinders van sy medemens se hulp gebruik maak. Hierdie medeopvoeder gebruik sy besondere gawes om die opvoeding en volwassewording so volledig en doeltreffend moontlik te laat verloop. Daar is in die opvoeding van drie vlakke van geroepenheid sprake:

Ten eerste is die ouerpaar vir die spesifieke opvoeding van hulle eie kinders geroepe en verantwoordelik. Op grond van die Bybelse leer van die verbond berus die primêre taak in verband met die opvoeding by die ouer. Hierdie roeping tot onderrig as verbondstaak kom by uitnemendheid tot uiting in die beloftes wat by die doop van kinders van gelowige ouers afgelê word. Tweedens is die kind ook 'n van God geroepene wat oor die potensieële toerusting beskik om sy roeping te vervul maar wat vir die volle besef van sy roeping en die volle ontplooiing van sy potensiaal tot roepingsvervulling op die opvoeding aangewese is. In die derde plek is daar medeopvoeders, onder wie veral die onderwyser, wat tot opvoedingshulp aan die ouer geroepe is; wat met besondere opvoedingsgawes geseën is, en wie se gawes deur professionele opleiding tot 'n hoë vlak van doeltreffendheid gevorm en afgerond is. Daarom het die onderwyser 'n besondere roeping. Hy ontvang afgeleide gesag van God via die ouer. Hy kan hom nooit losmaak van die feit dat hy met verbondskinders werk nie, en dat hy, al is dit onregstreeks, by die onderrigtaak betrokke is waartoe die verbondsouer geroepe is. Die onderwyser bly in hierdie taak die geroepene van God. Die taak mag nie bloot as beroep beskou word nie maar as 'n roeping van God wat die opdrag in Joh. 21:15 gee:

„Laat My lammers wei”.

Vir die Christen is sy roeping die roepstem van God, en hy word voortdurend in sy gewete deur die Heilige Gees aangespoor en opgeroep om met woord en daad te antwoord, dit wil sê om sy roeping te vervul. Hierdeur aanvaar hy sy lewenstaak en kry sy lewe, veral ook sy beroepslewe, sin en betekenis, sodat hy in sy beroep die hoogste mate van roepingstevredenheid beleef.

3.2 Die pragmaties-liberale beskouing oor roeping

Vir die persoon wat 'n pragmaties-liberale opvatting van die lewe handhaaf, is die grondgedagte van die menslike roeping die geslaagde, praktiese daaglikse bestaan van die vrye, ongebonde mens. Die roepingsbron is die besondere potensiaal wat in die gene van die mens geleë is en deur die veranderende kosmos of natuurwette toevallig of evolusionêr tot stand gekom het. Die individuele kind sal, deur sy behoeftes gelei, deur sy eie dade en besluite tot geslaagde aanpassing in die samelewing kom.

Vanuit 'n Christelike oogpunt is hierdie beskouing onaanvaarbaar: dit lei daartoe dat die kind, by gebrek aan beginsels en doelgerigtheid, 'n sinlose lewe ervaar en uiteindelik 'n beskouing huldig dat geslaagde menslike bestaan gekoppel is aan die sinnelik-konkrete en positivistiese wat uit materiële welvaart ontstaan. Alhoewel hierdie rigting 'n opvoedingspraktyk tot stand bring wat op die oog af baie imponeer, dryf dit ankerloos sonder grondslae rond en lei dit tot 'n samelewing wat deur vertwyfeling en sinloosheid oorheers word. Daar bestaan 'n wesenlike gevaar dat opvoedkundiges in ons land so deur klatergoud van meetbare resultate en sigbare voordele van hierdie onderwysstelsel betower word, dat hulle bereid is om vreemde onderwyspraktyke in te voer ten koste van 'n heldere, sinvolle Christelike opvoeding.

3.3 Die eksistensieel-liberale beskouing van roeping

Vir die eksistensiedenke is die mens 'n unieke individu wat homself kan laat word soos sy persoonskern hom rig en bepaal. Niemand het die reg om die mens in hierdie self-wording te beïnvloed nie. Dit wat die mens word, is van veel groter belang as dit wat hy was. So word die mens van die verantwoordelikheid vir sy dade onthef. Hiermee kom die Humanisme tot sy volle konsekwensie: die mens is 'n unieke individu, ten volle vry om homself te formeer na eie oordeel, goëddunke en begeerte. Die medemens word iets afstootliks, en daarmee alle konformasie deur die maatskappy en ook dié deur

die opvoeding.

In hierdie denke is die roepingsoorsprong die mens self en bepaal hy self die roepingsopdrag. Die menslike denke is die roepingsmedium, en uiteinde-lik word die geroepene 'n selfgeroepene — 'n volledige sirkelgang dus: vanuit die mens, deur die mens en tot die mens. Uit die aard van die saak baan hierdie denkrigting die weg vir anargisme en nihilisme. By hierdie mens kan geen sprake van opvoeding tot volwassenheid wees nie. Die sogenaamde opvoeding van die eksistensiële-liberale gemeenskap lei tot doelloosheid, eensaamheid, sinloosheid, verbystering en 'n algehele pessimisme.

Die eksistensiële kreet na vryheid sonder verantwoordelikheid vind ook deels in Suid-Afrika sterk aanklank. Bandelose, onverantwoordelike vryheid werk verlamend in op 'n hiërargiese sisteem soos dié van die RSA, wat op Christelike en nasionale grondslae rus. Hierdie denkrigting kan in 'n land soos Suid-Afrika tot 'n strydlose, lamsakkige-oorgawe aan die Kommuniste lei.

3.4 Die Marxistiese beskouing van geroepenheid

Die Kommuniste lê sterk klem op geroepenheid maar verskil radikaal van die Christendom ten opsigte van die prinsipiële fundering van die vraagstuk. Die hoofmotief van die Kommuniste is die totstandbrenging van 'n gelukstaat of utopie waarin elke mens na sy vermoë sal werk en produseer en die volle produksie aan die maatskappy of sogenaamde „commune” sal gee. Op sy beurt sal hy net soveel van die maatskaplike produksie gebruik as wat hy basies nodig het. Daar is dus (teoreties altans) geen winsmotief ter sprake nie.

Die mens in die Kommunistiese samelewing is dus geroepe tot die totstandbrenging van 'n utopiese gelukstaat. (Inderdaad dus 'n verwerplike en valse „roeping”.) Terwyl hierdie toestand nog nie bereik is nie, vorm die mense wat weet hoe om dit te bereik — die Party dus — die staat, wat al die arbeiders na die einddoel moet opvoed en lei. Die diktatoriale staat is dus die roepingsbron en sy talle amptenare die roepingsmedium. In hierdie sisteem word naarstiglik gepoog om die individu se potensialiteite te ontdek en in diens van die gemeenskap te ontwikkel en te benut. Geen opvoedingsgeleentheid word onbenut gelaat nie, en elke opvoeder wend kragtige pogings aan om die kinders tot doeltreffende werkers en vurige eksponente van die Kommunistiese denke te vorm. Die onderwyser en onderwys word in die Kommunistiese gemeenskap hoog aangeslaan, en daar word 'n hoë mate van welslae behaal.

3.5 Samevattend

In die RSA het ons in die Christelike lewens- en wêreldbeskouing en ge-roepenheid 'n duidelike, oortuigende grondslag. Roepingsbron en roepings-voleinding pas sinvol by mekaar in, en elke mens kan 'n doelgerigte lewe lei en roepingsgeluk ervaar. Suid-Afrika is egter nie totaal geïsoleer nie, en die aanhangers van vreemde denkrigtings slaan op subtiële wyse op ons volks-lewe toe. Die roepingsbewuste Christenonderwyser wat, veral op die vlak van die primêre onderwys, elke kind tot roepingsbewustheid en roepings-ervulling opwek, se waarde vir die land kan kwalik in geld gemeet word.

4. PRIMÊRE ONDERWYS

4.1 Die laerskoolkind

4.1.1 Met sy toetrede tot die laerskool het die kind reeds 'n aansienlike mate van onderwys en opvoeding ontvang. Die opvoeding in die ouerhuis verloop dikwels informeel en insidenteel, maar die belangrikheid daarvan kan nooit oorskat word nie. Selfs tydens die kind se skoolloopbaan neem sy ouerhuis 'n belangrike plek in sy wordingslewe in. Dit is so omdat die ouer in beginsel verantwoordelik bly vir die totale opvoeding van sy kind. Boonop bring die kind meer tyd in die ouerhuis as in die klaskamer deur. Die onderwyser moet dus deeglik kennis neem van die opvoedingsvlak van elke kind sodat hy daarop kan voortbou. Enige onderbreking in die kinderlike opvoeding of teenspraak tussen ouerhuis en skool is nadelig en stremmend vir die kind se roepingservulling (vergelyk Garbers, 1978, p. 129).

Die opvoedingsverhouding tussen ouer en kind word gekenskets as 'n vertrouens-, begrips- en gesagsverhouding (Botha, s.j., p. 19). Dit impliseer dat daar in 'n gesonde gesinslewe 'n onderlinge vertrouwe tussen ouer en kind bestaan. Die kind beleef geborgenheid in die gesin, en die ouer behandel die kind menswaardig en met liefde. 'n Wedersydse kennis en begrip lei tot we-dersydse aanvaarding van mekaar, alhoewel die noodsaaklike gesagsverhou-ding van ouer tot kind nie prysgegee word nie maar gedurig gehandhaaf word. In die gesinslewe leer die kind 'n *enorme* hoeveelheid kennis aan en ook basiese vaardighede. Hy verwerf 'n elementêre kennis ten opsigte van sindelikeid, goeie maniere, taalgebruik ensovoorts. Hier word sy gemoed gevorm, die eerste begrippe van sedelikeid vasgelê en 'n basiese wêreldbeeld opgebou (Kruger en Krause, 1972, p. 218).

In 'n homogene gemeenskap waarin die ouers 'n Christelike lewensbe-

skouing handhaaf en konsekwent aan die kinders oordra, word die onderwyser se taak op die volgende maniere vergemaklik: die kind word deur die ouer se voorbeeld en onderrig in 'n groot mate roepingsbewus gemaak; die volgehoue samewerking tussen skool en gesin werk wedersydse ondersteunend, sodat beide instansies se invloed versterk word; daarbenewens beleef die kind geborgenheid, omdat die lewensroeping wat deur huis en skool nagestreef word, harmonieer. Die kerk speel hier 'n deurslaggewende rol, want ook die kerk maak die kind uitnemend van sy roeping bewus.

Ongelukkig beleef ons tans verskeie veranderinge in ons gemeenskap wat 'n Christelike oueropvoeding bemoeilik. Daar is onder meer die volgende: die industrialisering van die samelewing en toenemende materiële welvaart, die gepaardgaande geestelike vervlakking, die verbrokkeling van die gesinslewe, die funksieverlies van die vader as gesagsfiguur en die algemene gees van permissiwiteit (Joubert, s.j., p. 1-3). Hierdie omstandighede bring mee dat die kinders onder 'n opvoedingsgebrek gebuk gaan. Daar kan geen vertrouensverhouding tussen ouer en kind in 'n verbrokkelde gesin ontstaan nie. 'n Kind kan nie vryheid in verantwoordelikheid aanleer waar geen ouerlike gesag gehandhaaf word en die kind altyd sy sin kry nie. Gaandeweg moet die onderwyser in die laerskool 'n groter deel van die ouers se opvoedingstaak oorneem. Dikwels lei hierdie funksie-oornames tot botsende opvoedingspraktyke tussen huis en skool, wat 'n verlies van geborgenheid meebring. Hierdie verpligting kan die onderwyser egter nie ontduik nie, omdat die laerskoolonderwys die grondslag vir verdere onderwys moet lê. 'n Saak wat egter duidelik besef moet word, is dat die onderwyser se taak nie net onbepaald uitgebrei kan word nie. Die ouers in die eerste plek, maar ook die gemeenskap as geheel, het immers en inderdaad ook 'n opvoedingsroeping.

4.1.2 Die laerskoolkind is 'n lerende kind. Die leerhandeling vind sy oorsprong daarin dat die kind self iemand wil word (Sonnekus, 1968, p. 6). Die leergebeure behels nie net die verwerwing van kennis nie maar betrek die kind as totaliteit. 'n Kind leer deur te belewe; hy is gerig op sy beleweniswêreld om daaraan sin en betekenis te gee (vergelyk Greyling, 1978, p. 85). Nou is die mens wat sin en betekenis in sy lewe soek en vind, met roepingsvervulling besig en beleef roepingsvreugde.

4.1.3 Die volgende opvoedingsbehoefte kan by die laerskoolkind aangetoon word:

4.1.3.1 Opvoedingsteun tot skoolgereedheid is nodig. Voordat 'n kind die vereiste gereedheidsvlak bereik het, kan formele onderwys nie effektief verloop nie.

4.1.3.2 Alle leerlinge het 'n behoefte aan geborgenheid, wat 'n vertrekpunt vir sinvolle onderrig en opvoeding vorm. Eers wanneer die kind geborgenheid beleef, sal hy bereid wees om die wêreld om hom te ondersoek (vergeelyk Mentz, 1978, p. 74).

4.1.3.3 Elke kind het 'n behoefte aan begeleiding en voorlewing deur volwassenes, veral sy ouers en onderwysers, om na hulle voorbeeld vir homself 'n beeld te vorm van dié volwassene wat hy self wil word.

4.1.3.4 Daar is 'n groot behoefte aan daardie kennis en vaardighede wat hy in sy latere lewe, dit is sy middelbare skoolloopbaan en die naskoolse gemeenskapslewe, kan benut.

4.1.3.5 Bepaalde houdings en gesindhede moet verwerp word, sodat dit 'n bestendige deel van die kind se persoonstruktuur sal word.

4.1.3.6 Die kind het 'n behoefte aan 'n lewensbeskouing oftewel 'n opvatting waarvolgens hy sy belewing van die wêreld sinvol kan verwerk en na waarde kan skat.

4.1.3.7 Dit is essensieel dat die kind self in sy opvoeding en wording betrokke sal wees, sodat hy self, met hulp en leiding en steun, sy moontlikhede sal besef, aanvaar en verwesenlik.

In die mate waarin die skool in die bogenoemde behoeftes kan voorsien, lewer dit 'n bydrae tot die roepingsvervulling van die kind.

4.1.4 Waar daar eintlik nog nie sprake van 'n finale of uiteindelijke roeping by die laerskoolkind kan wees nie, is dit duidelik dat die roeping van die mens reeds voor sy laerskooldae 'n aanvang neem. In die primêre onderwys moet die kind geleidelik vanuit 'n religieuse oogpunt tot 'n grondige besef kom van sy geroepenheid en van die verpligting wat op hom rus om met sy talente te woeker. Hierdie selfontdekking is 'n gebeurte wat oor 'n lang periode verloop en slegs kan slaag indien die kind deur 'n kundige volwassene bygestaan en gelei word.

Die beeld van die ideale volwassene wat hy graag wil word, word geleidelik deur die laerskoolkind uitgebrei, sodat nie net een of beide ouers betrek word nie maar ook ander volwassenes. So vorm hy sy eerste opvatting oor die daaglikse arbeid van die mens in die langdurige teenwoordigheid van sy moeder (of vader) en in die teenwoordigheid van die onderwyser. Vir baie kinders is die onderwyser die eerste (en enigste) volwassene wat sy beroep ten aanskoue van die kind beoefen. Hier word dus reeds die grondslag gelê van die kind se opvatting van 'n beroep en hoe dit beoefen word. Meer nog, dit is in hierdie stadium dat sommige leerlinge so deur die leef- en werkwyse van die onderwyser besiel word, dat hulle reeds in hierdie vroeë stadium bereid is om die onderwys as beroep te kies. Die teenoorgestelde kan, helaas,

ook waar wees. Dit kan gebeur dat talentvolle leerlinge in die laerskool deur die voorbeeld van onderwysers sonder behoorlike roepingsbesef so afgeskrik word dat hulle teen die onderwys as 'n beroep gekant raak.

4.2 Die laerskoolonderwyser

4.2.1 Die taak van die onderwyser

Die taak van die onderwyser verg baie meer as die blote oordra van feitekennis en toesig hou oor kinders. Trouens, in die RSA huldig ons die beskouing dat die onderwysberoep 'n roeping is (vergelyk ook Smit, p. 96). Dat die onderwysers ook hiermee saamstem, blyk duidelik uit die aanhef van die professionele gedragskode wat deur die Suid-Afrikaanse Onderwysersraad vir Blankes aanvaar is en wat onder andere soos volg lui: „Die onderwysers is bewus van die hoë roeping van hul profesie om die toekomstige burgers van hul land op te voed”.

4.2.2 Die opleiding van die onderwyser

Die opleiding van die onderwysstudent behels onder andere die volgende:

- * Bewuswording van die spesifieke roeping wat onderwys impliseer.
- * Aanvaarding van hierdie roeping.
- * Verwerwing van die nodige kennis en vaardighede om die roeping in die praktyk te vervul.
- * Identifikasie en opskerpings van daardie persoonlike hoedanighede wat nodig is vir die vervulling van sy roeping.
- * Maar bo alles dan: kennis en vaardighede veranker in die Christelike lewens- en wêreldbeskouing soos gegrondves op die Bybel as die geïnspireerde Woord van God.

4.2.2.1 Bewuswording en aanvaarding van onderwys as roeping is nie die noodwendige uitvloeisel van opvoedende bemoeienis nie, maar dit is ook nie noodwendig uitgesluit nie. Dit bly trouens uiters moeilik, indien nie onmoontlik nie, vir die geroepene om hom van die moment van bewuswording van sy roeping rekenskap te gee. Dis veel meer die geval dat die kind gedurende die laaste paar jaar van sy hoërskoolloopbaan homself ten opsigte van die toekomstige beroepswêreld begin oriënteer en dat hy 'n bepaalde beroep kies. In hierdie fase is die leerling besonder vatbaar vir beïnvloeding en kan talentvolle persone vir die onderwysberoep gewerf word, veral deur die leerling se eie onderwysers met wie hy 'n goeie opvoedingsverhouding beleef.

Heelparty vrae kan oor hierdie aspek gestel word, byvoorbeeld of alle

leerlinge nie ten opsigte van alle beroepe positief beïnvloed moet word nie, sodat elke faset van die menslike arbeid as 'n roeping ervaar word, of watter metode in die praktyk as die beste bewys is om gesindhede van leerlinge te beïnvloed. Dit sou fataal wees om aan te neem dat praatjies, toesprake of se-depreke oor die onderwerp noodwendig positiewe resultate lewer. Hierdie metode is eerder geneig om die teenoorgestelde te bereik.

4.2.2.2 Die tweede fase van bewuswording en aanvaarding van die onderwys as roeping moet tydens die student se opleiding geskied. Hiervoor moet 'n student die nodige kennis verwerf om te besef wat sy roeping behels en hoe dit vervul kan word. Landman (1978, p. 2-22) onderstreep die volgende as belangrike kennisinhoude wat elke onderwyser in sy opleiding moet verwerf:

- (a) 'n Beskrywing en uitleg van die struktuurstatus van die lewensopvatting waardeur die student tot die besef moet kom dat alle opvoeding eintlik op die verwerkliking van die lewensbeskouing neerkom;
- (b) kennis van die volgende dissiplines van die Pedagogiek soos dit betrekking het op die kind as verbondskind wat opgevoed word: Fundamentele Pedagogiek, Psigopedagogiek, Didaktiese Pedagogiek, Beroepsoriënteringspedagogiek, Liggaampedagogiek, Historiese Pedagogiek en Ortopedagogiek;
- (c) die bedreiging van die Christelike opvoeding.

4.2.2.3 Hiermee is die Opvoedkunde as wetenskap sentraal gestel vir die opleiding van roepingsbewuste onderwysers. Op grond van die hoeveelheid kennis en die feit dat 'n bepaalde tydsverloop nodig is voordat nuutverworwe kennis met insig toegepas kan word, is dit duidelik dat die kursus in Opvoedkunde nie in een semester of een jaar afgehandel kan word nie. Van der Stoep (1978, p. 22) stel die saak in die regte perspektief: die onderwyser se studie van die Opvoedkunde verskaf die verwysingsraamwerk waarbinne die res van sy studie relevant word. Voorts wys dieselfde outeur (p. 25) op die noue verwantskap tussen die vakdidaktieke en Didaktiese Pedagogiek.

Daar bestaan op hierdie gebied sekerlik ruimte vir verbetering. Tradisioneel wil die beoefenaars van die verskillende wetenskappe ook die onderlig van die vak beheer, sonder om skakeling met die Didaktiese Pedagogiek te soek. Hierdie oordrewe klem op die outonomie van die vakwetenskap verhoed die student om met opvoedingsinsig op te tree en maak van hom 'n blote verskaffer van kennis. Dus word roepingsvervulling in 'n groot mate belemmer. Die onderwyser met 'n suiwer vakwetenskaplike opleiding en so 'n nagereggie van Opvoedkunde bevind hom in die posisie dat hy met elke sillabusvernuwing ook sy onderrigmetodes en evalueringspraktyke moet wysig. Wanneer die vernuwings snel na mekaar volg, voel die onderwyser onseker en word hy verhoed om sy roeping na behore te vervul. Die vernu-

wings ontstaan dikwels as 'n reaksie teen die bestaande praktyk, en daarom word daar van die een uiterste na die teenoorgestelde uiterste beweeg. Indien die onderwyser se opleiding egter op die Opvoedkunde as sluitsteen rus, sal daar waarskynlik net periodieke vernuwing van die inhoud van sillabusse nodig wees, omdat die didakties-pedagogiese beginsels konstant bly.

4.2.2.4 Alhoewel alreeds gestel is dat elke mens die nodige toerusting ontvang om sy roeping te vervul, is dit ook nodig om die saak vanuit 'n ander hoek te belig. Daar kan nie van die onderwyser verwag word om take te verrig waarvoor hy duidelik nie die nodige talente het nie. 'n Praktiese voorbeeld kan gebruik word om die stelling te illustreer. In die praktyk word dit taamlik algemeen aanvaar dat net 'n gedeelte van die onderwysstudente 'n aanleg vir wiskundige vakke het. 'n Onderwyser wat nie 'n aanleg vir Wiskunde het nie en die verpligte vak Primêre Wiskunde met groot moeite slaag, kan nie die vak met gemak en gesag in standerd 3, 4 of 5 onderrig nie. Gebondenheid aan 'n handboek in 'n vak waarin hy ooglopend nie tuis is nie, verhinder die onderwyser om sy roeping te vervul en verminder die trefkrag van sy onderrig en invloed op die leerlinge. Vir hierdie probleem bied vak onderrig in die laerskool en spesialisering in bepaalde vakrigtings 'n oplossing. Die voorwaardes is egter strenge handhawing van die beginsel dat 'n onderwyser slegs die vakke moet onderrig waarin hy onderlê en opgelei is, en dat die vakkeuse van die onderwysstudent noue verband met die praktyk moet hou. Dit help nie om 'n student toe te laat om 'n redelik vrye keuse van skoolvakke te maak indien dit hom nie goed vir die praktyk voorberei nie.

4.2.2.5 Die vorming van 'n roepingsbewuste onderwyser kan egter nie net tot die lesinglokaal beperk bly nie. In sy buiteklaslike aktiwiteite moet die student die geleentheid kry om met die nodige begeleiding en leiding sy eie vermoëns te ontdek, te oefen en te slyp en op die opvoedingssituasie af te stem. 'n Onderwysstudent wat byvoorbeeld sport beoefen, doen dit nie suiver ter wille van sy eie prestasie of ontspanning nie maar ook met die oog daarop om dit in die skool as opvoedingsmiddel te gebruik. En die studente wat 'n toneelopvoering beplan, het nie net hulle eie optrede voor oë nie maar ook die potensiele betekenis daarvan vir die skoolopvoeding. Soos die opvoeding van die kind die hele kind in sy totaliteit betrek, so betrek onderwysopleiding ook die onderwysstudent in sy totaliteit.

4.2.26 Die praktiese onderwys vervul 'n noodsaaklike rol in die opleiding van onderwysstudente. Die student kry in die skool, onder leiding van dosente en onderwysers, geleentheid om selfvertroue op te bou, om vaardig te word in die didakties-opvoedkundige situasie en om sy opvoedkundige perspektief te verruim. Praktiese onderwys bied ook by uitnemendheid die ge-

leentheid aan die onderwysstudent om sy roepingsbewustheid op te skerp. Die intense bemoeiing en aanmoediging van die onderwyspersoneel is egter essensieel vir hierdie vorming, omdat die student maklik in die kompleksiteit van die praktyk verstrik mag raak.

4.2.2.7 Garbers (1978, p. 130) vestig die aandag daarop dat die skool 'n oorvraagde instituut en die onderwyser 'n oorvraagde funksionaris is. Hierdie standpunt impliseer dat daar nie maar voortdurend meer en meer van die onderwyser geëis moet word nie. Hiermee is ek dit eens. Dit is moontlik om 'n onderwyser so met suiwer administratiewe pligte of bykomstige take te oorlaai dat hy nie sy opvoedingsroeping kan vervul nie. Om die onderwyser in sy roepingsvervulling te steun moet die gemeenskap die nodige fasiliteite verskaf, gunstige omstandighede skep en diensvoorwaardes stel wat die onderwyser gelukkig en tevrede sal laat voel. Dit is nie te idealisties om vergesigte te hê van klasse met 'n maksimum van 25 leerlinge en van klaslokale toegerus met die nodige tegnologiese apparatuur en vrylik beskikbare programmatuur nie.

4.2.2.8 Vir werklike welslae in die onderwys moet die onderwyser oor buitengewone persoonlikheidsienskappe (charismata) beskik om by ander agting af te dwing en hulle na behore te beïnvloed (Webster, 1952, p. 101). Volgens Pienaar (1978, p. 4-5) kom hierdie agting nie vanself nie maar word dit alleen verower deur 'n denkende soeke na kennis, die deurgroending daarvan en 'n soeke na sin, wat seker die grootste vraag is waarmee die jong onderwyser gekonfronteer moet word.

Alhoewel die onderwyser sekerlik sy beïnvloedende trefkrag op leerlinge doelbewus kan verbeter deur die opskerpings van die toepaslike vermoëns, is hierdie trefkrag, so meen ek, in eerste instansie 'n roepingsgenadegawe. Die persoonlikheidsstruktuur (dit wil sê roepingstoerusting) van die student is egter reeds in 'n hoë mate bestendig wanneer hy hom vir onderwysopleiding aanmeld. In hierdie geval word duidelik geïmpliseer dat die persoonlikheidsienskappe van die student voor sy toelating en tydens sy opleiding baie deeglik geëvalueer moet word. Gestandaardiseerde aanleg- en persoonlikheidsstoetse kan as evalueringstegnieke baie nuttig wees om die huidige onderhoude met skoolhoofde en inspekteurs aan te vul.

Die voorgaande impliseer egter dat die opleiers van onderwysers ook oor die nodige persoonlikheidsgestalte beskik om die student se kennis uit te brei, sy insig te verdiep en hom tot 'n lewenslange roepingsvervulling in die onderwys te besiel.

5. DIE UITDAGING VAN DIE TOEKOMS

5.1 Onderwysersopleiding

In die voorgaande paragrawe is daar verskeie kere na onderwysersopleiding as 'n essensiële middel tot roepingsvervulling verwys. Met die oog op die toekoms moet die volgende sake duidelik beseef word: die onderwysbeleid op nasionale en provinsiale vlak, enige program of kursus vir die skool, ja, elke verandering of vernuwingspoging is net so goed as die onderwyser wat dit moet uitvoer. Elke fase van die onderwysdoelstellings kan slegs werklikheid word in die praktyk, wat die raakvlak tussen onderwyser en kind vorm. Nou kan opvoeding tot roepingsvervulling nie maklik op papier geformuleer en by wyse van regulasie afgedwing word nie. 'n Baie innige, persoonlike kontak tussen die onderwyser en sy owerheid is noodsaaklik.

Onderwysersopleiding is nie 'n eenmalige gebeurtenis wat in 'n tydperk van vier jaar finaal afgehandel word nie. Die diensdoende onderwyser is so 'n onmisbare skakel in die volkshuishouding dat geen steen onaangeroerd mag bly om sy opleiding gedurig te vernuwe en te verbeter nie. Die tyd is ryp vir die grootskaalse uitbreiding en verlenging van opknappingskursusse. Daar bestaan 'n dringende behoefte dat diensdoende onderwysers hulle kennis en begrip van die Opvoedkunde ook periodiek moet aanvul en vernuwe. Die grootste uitdaging lê egter vir my daarin dat die onderwyser se samewerking op 'n baie groter skaal by die beplanning en toepassing van vernuwing verkry sal word.

5.2 Omstandighede in die skool

In verskeie ondersoeke is bevind dat vernuwingspogings in die primêre onderwys gaandeweg momentum verloor en dat die klaskamerpraktyke metertyd na die ou patroon terugkeer (vergelyk Mentz, 1978, p. 46-48). Daar bestaan drie moontlike oorsake van hierdie verskynsel: Die skoolstelsel beskik oor 'n ingeboude traagheidsmoment, sodat alle veranderinge eers deeglik in die praktyk beproef word en slegs dit wat van waarde is, behou word. Tweedens is dit moontlik dat die onderwyser so in sleurwerk vasgevang is dat hy nie tyd het om sy volle gewig by vernuwingspogings in te gooi nie. Derdens verongeluk oorlaaide klasse alle goeie voornemens van die onderwyser.

Dit is essensieel dat alle struikelblokke in die onderwyser se weg tot roepingsvervulling verwyder sal word. Daar is reeds verwys na die moontlikheid van kleiner klasse en die vermindering van administratiewe pligte. Wanneer

elke laerskoolklaskamer oor 'n trupprojektor en ander geriewe vir projeksiewerk beskik, wanneer alle beskikbare apparatuur vir gebruik deur die onderwyser toeganklik is, wanneer programmatuur kommersieel vervaardig en in die onderwyser se hand geplaas word, dan kan hy sy volle aandag en kragte aan die beplanning en verloop van die opvoedingshandeling wy. Om te beweer dat die koste van al hierdie fasiliteite te hoog is, is om die kern van die probleem mis te kyk of om simplisties te redeneer. Vandag se onderwyser moet kinders lei en begelei tot roepingsvervulling, dikwels in regstreekse kompetisie met die moderne kommunikasiemedia, onder andere koerante, strokiesverhale, die radio, bandopnames, plaatopnames, plakkate, bufferplakkers, afstrykpatrone en televisieprogramme.

Hierin lê myns insiens die tweede groot uitdaging van die toekoms, naamlik om die onderwyser se werksomstandighede so professioneel te maak dat hy sy roeping ten volle kan vervul.

5.3 Die samewerking van die gemeenskap

In plaas van roepingsbewustheid tref ons by baie jong mense twyfel, pesimisme of wanhoop oor die toekoms aan. So 'n siening word deur verskeie faktore versterk, onder andere die lang tydperk van militêre opleiding, met die gepaardgaande gevare, 'n algemene verslapping in morele standaarde en 'n gees van permissiwiteit, 'n oordrewe klem deur sommige leiersfigure op die krisisse en gevare, materiële welvaart wat bo alle ander dinge beklemtoon word. Die gesamentlike invloed van al hierdie faktore lei daartoe dat die jong mense hulle lewe instel op onmiddellike materiële voordeel en op genot.

Dit sal nie veel help om vir die jong onderwysstudent en ander jeugdiges oor roepingsvervulling te preek terwyl die hele gemeenskap op die tydelike en materiële ingestel is nie. Om roepingsvervulling in die primêre onderwys en in die opvoeding tot sy reg te laat kom is 'n vasberade poging deur almal wat met opvoeding gemoeid is, noodsaaklik. So vestig Joubert (s.j., p. 6-10) die aandag op die noodsaaklikheid van beter diensvoorwaardes vir onderwysers, die aktivering van die ouers en samewerking tussen die ouerhuis en skool. Kyk na die voorbeeld van Kommunistiese China (Tyler, 1978, p. 27): die Chinese leiers besef die belangrikheid van die nie-skoolse leeromgewing terdeë. Die jong mense is gedurig onder die toesig of in die teenwoordigheid van volwassenes. Die vorming van geskikte landsburgers met 'n gewenste Kommunistiese lewensopvatting geniet voorrang.

Dit is dan die derde uitdaging vir die toekoms, naamlik dat die ouers, onderwysers, kerk, regering en alle ander instansies weer werklik met

· mekaar kommunikeer en saamwerk om aan die opvoeding en onderwys sy regmatige plek in die volkslewe te gee.

· 5.4 Bewaring van die omgewing

Die natuurlike, fisiese omgewing waarin die kind grootword en waarin die mens lewe, is ook by sy roeping betrek. In Gen. 1 ontvang die mens die opdrag om die paradys te bewerk en te bewaak. Skoon lug en water en 'n lewensonderhoudende fisiese omgewing is noodsaaklik vir die mens. Die mens wat sy eie lewe wil onderhou en sy roeping wil uitleef, moet hom dus verset teen die moderne besoedelende tegnologie, die oordrewe eksploitasie van natuurbronne, die planlose benutting en ooreising van die bodem en die bevolkingsontploffing. In hierdie verband bestempel Gregg (1955, p. 681) die mens wat aan besoedeling meedoen, as die kanker van die wêreld.

Tog bly die mens, ten spyte van al hierdie waarskuwings, aanmatigend in sy optrede. Dit spreek onder andere duidelik uit die woorde van prins Philip van Engeland (*The Star*, 22 Junie 1968, p. 1): „Mankind is now in a position to dominate nature with synthetic materials and sparepart surgery. Mankind has made itself independent of God. It is not arrogant to say this. It is realism”.

Die groot uitdaging van die toekoms op hierdie gebied lê opgesluit in die vraag of die mensdom deur opvoeding sy verwantskap met sy totale omgewing kan besef en kan leer om die skepping te bewaak en in diens van God te gebruik sonder om dit te misbruik.

5.5 Menseverhoudings

Die ontstaan en uitbouing van goeie menseverhoudings en ook rasseverhoudings hang in 'n groot mate af van die grondslag wat tuis en in die primêre onderwys gelê word. Die goeie verhoudings kan egter nie net van een kant af kom nie. Die positiewe benutting van die primêre onderwys deur alle volksgroepe om goeie menseverhoudings te kweek sonder om gelykheid te probeer afdwing is een van die groot uitdagings van die toekoms.

5.6 Gesindheid ten opsigte van arbeid

Die regte gesindheid ten opsigte van arbeid moet by die kind gekweek word. Dit is God se taak en opdrag vir die mens, en daarom is ons arbeid ons antwoord aan God.

5.7 Die koninkryksgedagte

Die mens wat op die roeping van God antwoord, moet die heerskappy van God oor sy hele lewe erken deur in daadwerklike gehoorsaamheid te lewe volgens die norme en eise van sy Woord.

Die humanis het alleen een doel voor oë, naamlik dat die waardigheid van die mens tot sy reg sal kom.

Die kommunist is in een ding geïnteresseerd, en dit is produksieverhoudinge.

Vir die Christengelowige gaan dit egter ten diepste oor die koms van die koninkryk van God. Die kind moet gelei word om hoof, hart en hand aan God te wy. Die onderwyser moet bewus word daarvan dat hy 'n skakel in die verbondsoepset en as sodanig 'n werktuig in die hand van God is.

6. SLOTSOM

Histories gesproke bevind die mensdom hom plotseling voor 'n magdom krisis. Daar word gepraat van 'n bevolkingskrisis, 'n besoedelingskrisis, 'n voedselkrisis, 'n brandstof- of energiekrisis, ensovoorts. Te midde van die krisis beleef en geniet die Westerling 'n groter wordende mate van materiële welvaart. Tegelykertyd vind 'n ontstellende geestelike vervlakking in die Westerse wêreld plaas en word die ewige, Christelike waardes een na die ander opsy geskuif. In die plek daarvan kom dwelmmiddels, pornografie, toenemende misdadigheid, dubbele standaarde wat wêreldleiers aanhang, steun aan terroriste onder die dekmantel van Christelikheid. Dit is duidelik dat die tyd juis nou meer as ooit tevore ryp is vir die aanhoor van die roepstem van God en die duidelike antwoord daarop met 'n lewe gewy aan die vervulling van die roeping. Op hierdie toekomsweeg, ja, in hierdie roepingsvervulling neem die primêre onderwys 'n strategiese plek in.

Die voorgaande verwysings na krisis mag nou enigsins die indruk van neerslagtigheid en twyfel skep. Dit sou egter inderdaad 'n foutiewe indruk wees. Veel eerder is dit deel van die werklikheid, wetende dat ons deel is van 'n sondige wêreld waarin die mens uit homself tot niks goeds in staat is nie. As gelowiges dank ons egter die Here dat Hy steeds die Onderhouer van hierdie wêreld is want „Die aarde behoort aan die HERE en die volheid daarvan, die wêreld en die wat daarin woon” (Ps. 24:1).

Dit is tot hierdie aarde van die HERE dat Hy, in en deur sy groot genade, ons as sy kinders, ondanks ons sondigheid, roep en toerus om as gelowige instrumente in sy hand in sy wêreld ook die eietydse probleme en krisis te

hanteer. Daarom word die lewe van die gelowige geroepene nie deur neerslagtigheid gekenmerk nie maar hoor ons ver bo die gerammel van 'n sondige wêreld die helder klanke van die Evangelie wat vermaan, tug, troos, bemoeidig en eis. En hierdie eis bestaan ook daarin dat ons 'n opdrag het om, in die lig van Ps. 100, die HÊRE met *blydskap* te dien. Gehoorsaam hieraan is die geroepene dan geensins neerslagtig nie maar is sy lewe 'n kragtige oorgawe om elke dag in *God se wêreld* met toewyding, geloofsvertroue, vriendelik — nee, juigend en jubelend! — onvermoeid te werk. Mag ook die primêre onderwys, elke oomblik, geïnspireer deur die Heilige Gees, met geloofsvertroue getrou sy roeping vervul.

Met die voorgaande as my absolute oortuiging omtrent die betekenis van roeping vir die gelowige in die lig van die Skrif sal die Onderwyskollege, soos in die verlede, maar toenemend in die toekoms, in noue samewerking met die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys roepingsbewuste onderwysers en onderwyseresse vir die Primêre Onderwys oplei.

7. BRONNELYS

ANON. 1968. Arrogant nonsense by Philip, says curate. *The Star*, p. 1, Jun. 22.

BOTHA, T.R. s.j. Die sosiale lewe van die kind-in-opvoeding, Pretoria.

COETZEE, J. Chr. 1960. Inleiding tot die algemene teoretiese opvoedkunde. 3e dr. Pretoria, Van Schaik.

PIENAAR, J.J. 1978. Voorsittersrede, Suid-Afrikaanse Vereniging vir die Bevordering van die Opvoedkunde. Kongres.

FOWLER, H.W. & FOWLER, F.G. 1954. The concise Oxford dictionary of current English. Oxford, Clarendon-Press.

GARBERS, J.G. 1978. Vir watter opvoedings- en onderwyseise moet die onderwyser voorberei word? Referaat, Suid-Afrikaanse Vereniging vir die Bevordering van die opvoedkunde. Kongres.

GREGG, A. 1955. A medical aspect of the population problem. *Science*, 121:681-2, May 13.

snel veranderende wêreld. Referaat. Suid-Afrikaanse Vereniging vir die Bevordering van die Opvoedkunde. Kongres.

VAN WYK, J.H. 1974. Hedendaagse geestelike strominge in Suid-Afrika. *Bulletin van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir die Bevordering van Christelike Wetenskap*, 42:36-53, Okt.

WEBSTER, N. 1952. Webster's comprehensive reference dictionary and encyclopedia. Cleveland, World Publishing Co.